Navorsingsbevinding BMN-5 1986

# Die uitvoerbaarheid van telefoonopnames gedurende naweke

B.J. Dixon

RGN·HSRC

001.3072068 HSRC
MPS BM 5

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC

071073

RGN·HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

Die uitv
van tele
gedurer

1179*1085

0001439546

001.3072068 HSRC MPS BM 5

*143954*

Navorsingsbevinding BMN-5

# Die uitvoerbaarheid van telefoonopnames gedurende naweke

B.J. Dixon

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1986

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

1987 -04- 16

STANDKODE
001.3072068
HSRC MPS B/M

REGISTERNOMMER
5071073

BESTELNOMMER
R 10

B.J. Dixon B.A. Hons.

Meningspeilingsentrum
Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste

Uitvoerende Direkteur: W. Verhoef

ISBN 0 7969 0425 1

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1986

Gedruk en uitgegee deur die RGN

INHOUD


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | |
| 1.1 | Agtergrond en doelstelling | 1 |
| 1.2 | Die steekproef | 2 |
| 1.2.1 | Ewekansige seleksie van telefoonnommers | 2 |
| 1.2.2 | Seleksie van die respondent | 5 |
| 1.2.3 | Die oproepverslagvorm | 6 |
| 1.3 | Die onderhoudvoerders | 7 |
| 1.4 | Wyse van ontleding | 7 |
| 2 | RESULTATE | |
| 2.1 | Realisasie van die steekproef | 9 |
| 2.2 | Biografiese gegewens van respondente | 11 |
| 2.3 | Respondente se houding oor naweekopnames | 16 |
| 2.4 | Vergelyking van koste | 17 |
| 3 | OPSOMMING | 17 |
| 4 | SLOTOPMERKING | 18 |
| | BYLAE A: OPROEPVERSLAGVORM | 19 |
| | BYLAE B: CHAID-ONTLEDINGS | 20 |

# DIE UITVOERBAARHEID VAN TELEFOONOPNAMES GEDURENDE NAWEKE

## 1 INLEIDING

### 1.1 Agtergrond en doelstelling

Alhoewel die Meningspeilingsentrum van die RGN reeds sedert sy ontstaan in 1981 gemoeid is met die uitvoer van telefoonopnames, is al die telefoonopnames tot dusver gedurende die week gedoen. Gedurende die naweek van 5 tot 6 September 1986 is 'n telefoonopname oor ontbyttelevisie vir die SAUK gedoen, en die geleentheid is benut om terselfdertyd 'n metodologiese ondersoek te onderneem oor die uitvoerbaarheid van telefoonopnames gedurende naweke. Benewens die funksionele doelstellings, is gepoog om uit 'n metodologiese oogpunt antwoorde te vind op die volgende vrae:

1.1.1 Hoe vergelyk die realisering van die steekproef van 'n opname oor 'n naweek met dié van vorige opnames wat gedurende die week gedoen is?

1.1.2 Hoe vergelyk die biografiese gegewens van die respondente tydens 'n naweekopname met dié van respondente van vorige opnames gedurende die week?

1.1.3 Hoe voel respondente oor telefoonopnames gedurende naweke - sou hulle omgee om geskakel te word vir navorsing op 'n Vrydag, Saterdag of Sondag?

1.1.4 Hoe vergelyk die koste per voltooide oproep gedurende 'n naweekopname met dié van 'n opname wat tydens die week gedoen word?

## 1.2 DIE STEEKPROEF

### 1.2.1 Ewekansige seleksie van telefoonnommers

Die steekproef het bestaan uit 2 000 persone wie se telefoonnommers op ewekansige wyse getrek is uit al die telefoongidse van die Republiek van Suid-Afrika. Die volgende prosedure is gebruik om die nommers vir hierdie opname te trek:

Eerstens is die hele land onderverdeel in geografiese streke wat ooreenstem met die onderskeie telefoongidssones wat daardie betrokke streek bedien. Die afbakening van hierdie gebiede word voor in die telefoongidse aangedui. Bevolkingsyfers is vervolgens bereken vir die blanke bevolking van hierdie streke volgens die bevolkingsyfers van die Sentrale Statistiekdiens vir 1985. Gebaseer op hierdie syfers is die proporsies vir elke gebied bereken. Met behulp hiervan is die aantal telefoonnommers uit elke sone proporsioneel bepaal om 'n totaal van 2 000 nommers te lewer. Nadat bereken is hoeveel nommers per telefoongidssone getrek moes word, is die regte hoeveelheid nommers as volg gekies:

Vir elke telefoongidssone is bepaal hoeveel bladsye nommers daar in die betrokke gids voorkom. Deur hierdie getal bladsye te verdeel deur die getal nommers wat nodig is in daardie sone, is bereken op elke hoeveelste bladsy 'n nommer getrek moes word. Vervolgens is die beginpunt in elke telefoongids ewekansig gekies, waarna die getal bladsye soos hierbo bereken telkens oorgeslaan is om die volgende nommer te trek. Tabel 1 toon die volledige inligting vir al die verskillende streke.

Die gidsinligting lewer nie 'n volkome verteenwoordigende beeld van die blanke bevolking nie, maar is steeds die beste bron

waaruit inligting vir steekproeftrekking verkry kan word. Dit het die volgende belangrike leemtes:

(i) Studente, dienspligtiges en ander persone in groepbehuisings-eenhede word nie ingesluit nie.

(ii) Duidelike onderskeid in bevolkingsgroep en besigheids- of privaatnommers kan nie altyd getref word nie.

(iii) Nuwe woonbuurte en laer sosio-ekonomiese areas is onderverteenwoordig.

(iv) Alhoewel die nuutste beskikbare telefoongidse altyd gebruik word, raak inligting verouderd as gevolg van verhuisings, kansellasies en nuwe aansluitings.

Waar die getrekte nommer dié van 'n besigheid, hotel, koshuis ouetehuis of ander bevolkingsgroep was, is die eerste blanke privaatnommer daarna getrek. Waar sulke nommers wel per ongeluk ingesluit is, of wanneer daar by 'n nommer geen televisie in die huis was nie, is die betrokke nommer tydens die opname uitgeskakel.

TABEL 1: STEEKPROEF VOLGENS TELEFOONGIDSSONES

| Streek/ telefoongids | Bladsye per gids | Bevolking per streek | Persentasie (%) bevolking | Nommers per streek | Elke n'de bladsy |
|---|---|---|---|---|---|
| Johannesburg | 1191 | 518 218 | 11,35 | 227 | 5 |
| Oos-Rand | 795 | 505 425 | 11,07 | 221 | 4 |
| Wes-Rand | 582 | 202 440 | 4,43 | 89 | 7 |
| Pretoria | 522 | 374 084 | 8,19 | 164 | 3 |
| Vaaldriehoek | 206 | 210 686 | 4,61 | 92 | 2 |
| Noord-Transvaal | 189 | 165 280 | 3,62 | 72 | 3 |
| Oos-Transvaal | 317 | 286 114 | 6,27 | 125 | 3 |
| Wes-Transvaal | 257 | 237 982 | 5,21 | 104 | 2 |
| Kaapse Skiereiland | 1010 | 456 210 | 9,99 | 200 | 5 |
| Boland,Weskus | 331 | 178 675 | 3,91 | 78 | 4 |
| Suid-Kaap | 141 | 80 420 | 1,76 | 35 | 4 |
| Karoo, Namakwaland | 69 | 38 415 | 0,84 | 17 | 4 |
| Noord-Kaap | 180 | 111 064 | 2,43 | 49 | 4 |
| Oos-Kaap | 289 | 172 893 | 3,79 | 76 | 4 |
| P.E. en omgewing | 309 | 173 902 | 3,81 | 76 | 4 |
| O.V.S. | 467 | 294 212 | 6,44 | 129 | 4 |
| Durban | 720 | 316 678 | 6,93 | 139 | 5 |
| Natal | 314 | 166 937 | 3,66 | 73 | 4 |
| Suidkus | 65 | 34 208 | 0,75 | 15 | 4 |
| Noordkus | 126 | 42 974 | 0,94 | 19 | 4 |
| | | 4 566 817 | 100,00 | 2 000 | |

1.2.2 Seleksie van die respondent

Tot dusver het die fokus geval op die trek van 'n steekproef telefoonnommers wat elk 'n huishouding verteenwoordig. Vir die doel van hierdie opname is huishoudings uitgeskakel as daar geen televisiestel in die huis was nie. By verreweg die meeste huishoudings is daar gewoonlik meer as een moontlike respondent met wie gesels kan word. Indien die onderhoud bloot gevoer word met die eerste persoon wat die telefoon beantwoord, kan die steekproef moontlik skeef getrek word byvoorbeeld wat geslag betref, aangesien ondervinding geleer het dat dit in die meeste gevalle 'n vrou is wat die telefoon beantwoord. Daarom is daar by elke telefoonnommer met 'n spesifieke persoon gepraat. Die proses waarvolgens hierdie persoon geselekteer is, het geskied volgens 'n ewekansig saamgestelde respondenttabel of ruitenet. 'n Voorbeeld van so 'n ruitenet word in tabel 2 gegee.

TABEL 2: RUITENET VIR DIE SELEKSIE VAN DIE RESPONDENT

Gesin bestaande uit:

| 1 persoon | 2 persone | 3 persone | 4 persone | 5 persone | 6 persone |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 1 | 3 | 3 | 2 |
| 1 | 1 | 3 | 4 | 1 | 1 |
| 1 | 1 | 2 | 1 | 2 | 4 |
| 1 | 2 | 1 | 2 | 4 | 5 |
| 1 | 2 | 2 | 3 | 5 | 3 |
| 1 | 1 | 3 | 1 | 3 | 6 |

Die seleksie van die respondente is as volg gedoen:

(i) By elke huishouding is eerstens bepaal hoeveel persone bo die ouderdom van 18 daar woon. Persone wat vir die duur van die opname nie beskikbaar sou wees nie, is uitgeskakel.

(ii) Die regte kolom op die ruitenet is daarna gekies volgens die aantal beskikbare persone, met ander woorde die eerste kolom vir een persoon, tweede kolom vir twee persone, ensovoorts.

(iii) Die boonste syfer in daardie kolom is vervolgens gebruik vir die keuse van die respondent. Die syfer 1 beteken die oudste van die beskikbare persone, 2 die tweede oudste, ensovoorts.

(iv) Wanneer daar by 'n volgende telefoonnommer weer 'n respondent uit dieselfde kolom getrek moes word, is die eerste nommer in die kolom gebruik wat nog nie tevore gebruik is nie.

1.2.3 Die oproepverslagvorm

Wanneer 'n nommer geskakel word, kan een van verskeie dinge gebeur, byvoorbeeld geen antwoord, beset, telefoon buite werking, respondent weier, of onderhoud voltooi. Met die oog op verslaglewering van wat tydens elke oproep gebeur het, is 'n spesiale oproepverslagvorm ontwerp. Vir elke telefoonnommer wat by die steekproef ingesluit is, is daar 'n oproepverslagvorm (sien bylae A). Elke oproep wat tydens die opname gemaak is, hetsy suksesvol of onsuksesvol, is op so 'n oproepverslagvorm aangeteken. Wanneer daar tydens die eerste oproep nie kontak met die geselekteerde respondent gemaak kon word nie, kon so 'n nommer tot drie maal teruggeskakel word. Dit is dus moontlik om presies verslag te lewer van wat tydens elke oproep plaasgevind het.

Die oproepe is op Vrydag 5 September van 17h00 tot 21h00 en op Saterdag 6 September van 11h00 tot 15h00 en van 17h00 tot 21h00 gedoen. Met behulp van die oproepverslagvorms is volledig rekord gehou van alle response wat gedurende hierdie tye verkry is, met die oog op latere ontleding.

## 1.3 Die onderhoudvoerders

Die onderhoude is deur 28 vroulike en 7 manlike telefoneerders van die Meningspeilingsentrum gevoer wat deeglik opgelei is in die tegniek van telefoonopnames en die hantering van die vraelys. Alhoewel die onderhoudvoerders oorwegend Afrikaanssprekend was, was almal ten volle tweetalig, omdat onderhoude in beide Afrikaans en Engels gevoer is. Meer as twee derdes van die onderhoudvoerders het heelwat vorige ondervinding van telefoonopnames gehad (tien persone het reeds tien opnames of meer gedoen), terwyl nege persone vir die eerste keer aan 'n telefoonopname deelgeneem het.

## 1.4 Wyse van ontleding

1.4.1 Frekwensietabelle van die response wat gedurende die naweek op die oproepverslagvorm aangeteken is, is verkry en vergelyk met response wat tydens vorige opnames gedurende die week verkry is.

1.4.2 Tweerigtingtabelle is opgestel waarin die response ontleed is volgens die volgende biografiese veranderlikes: taal, geslag, ouderdom en onderwyspeil.

1.4.3 **Frekwensietabelle** van die biografiese veranderlikes van respondente tydens die naweekopname is verkry en vergelyk met dié van respondente tydens vorige opnames gedurende die week.

1.4.4 'n Meervoudige ontleding is met behulp van die rekenaarprogram CHAID gedoen om 'n aanduiding te kry van die rol wat die biografiese veranderlikes in die response speel. Meer besonderhede oor die CHAID-program kan verkry word uit die verslag van Du Toit, Steyn en Stumpf (1984)*.

1.4.5 Ontleding van respondente se houding jeens telefoonopnames gedurende naweke is gedoen met behulp van frekwensietabelle en 'n CHAID-ontleding.

Die vorige opnames waarvan die gegewens gebruik is vir vergelyking is almal deur die Meningspeilingsentrum gedoen gedurende die tyd van 1983 tot 1986. Om die moontlike invloed wat die tema van die opname op die realisasie kon uitoefen te elimineer, is slegs opnames gebruik wat gehandel het oor een of ander aspek van televisie. Om vergelyking te vergemaklik is slegs persentasies in die plek van syfers gebruik, en die opnames is bloot numeries vernoem as volg:

| Opname no. | Wanneer gedoen | Waaroor gehandel |
|---|---|---|
| 1 | Oktober 1983 | Agendastellende funksie van TV |
| 2 | Junie 1984 | Saterdagsportuitsendings op TV |
| 3 | Junie 1985 | Televisie- en videokykpatrone |
| 4 | Nov. 1985 | Opvoedkundige TV-programme |
| 5 | Mei 1986 | Televisie- en videokykpatrone |
| 6 | Sept. 1986 | Ontbyttelevisie |

---

Du Toit, S.H.C., Steyn,A.G.W., Stumpf, R.H. Statistiese Grafika. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Verslag WS-30, Pretoria, 1984.

Omdat opnames 1 tot 5 almal gedurende die week plaasgevind het, is gemiddelde waardes bereken om vergelyking met opname 6 wat gedurende die naweek plaasgevind het, te vergemaklik.

## 2 RESULTATE

### 2.1 Realisasie van die steekproef

Alhoewel die steekproef uit 2 000 nommers bestaan het, is daar slegs 1 865 nommers geskakel. Hiervan was 988 (53 %) oproepe suksesvol en 115 respondente (6,2 %) het geweier. Daar was 172 (9,2 %) oproepe na persone wat nie deel van die universum gevorm het nie (ander ras of geen televisie in die huis nie), terwyl daar by 590 nommers (31,6 %) nie kontak gemaak kon word nie (geen antwoord, beset, telefoon buite werking of respondent nie tuis nie). 'n Vergelyking van die realisasie van die steekproef met die realisasie van steekproewe tydens vroeëre opnames verskyn in tabel 3.

TABEL 3: VERGELYKING VAN DIE REALISASIE

| Opname | Beset | Geen antwoord nie | Respondent nie tuis nie | Foutiewe nommer | Niemand kwalifiseer nie | Weier | Voltooi | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 4,3 | 14,4 | 1,5 | 6,9 | 4,1 | 6,4 | 62,5 | 100,1 |
| 2 | 5,9 | 15,4 | 2,1 | 6,6 | 4,4 | 6,5 | 59,0 | 99,9 |
| 3 | 3,9 | 11,5 | 2,1 | 7,2 | 11,1 | 8,9 | 55,3 | 99,9 |
| 4 | 7,7 | 13,1 | 1,8 | 7,2 | 8,4 | 15,9 | 46,0 | 100,1 |
| 5 | 5,3 | 10,9 | 1,2 | 6,9 | 11,5 | 7,5 | 56,8 | 100,1 |
| Gem. | 5,4 | 13,1 | 1,7 | 7,0 | 7,9 | 9,0 | 55,9 | 100,0 |
| 6 | 3,8 | 20,2 | 2,3 | 5,4 | 9,2 | 6,2 | 53,0 | 100,1 |

Uit vergelyking met vorige opnames blyk dit dat daar nie werklik veel verskil is in die realisasie tydens die week en die naweke nie. Die enigste groot verskil wat waarneembaar is, is dat die 'geen antwoord'-respons aansienlik hoër is as wat dit gewoonlik gedurende die week is. Dit lyk dus asof meer mense gedurende die naweek nie tuis is nie. Dit is ook waarskynlik die rede waarom daar gedurende die naweek effens minder onderhoude voltooi is as gedurende die week. Weierings oor die naweek is egter ook effens minder, miskien omdat mense meer tyd het vir hulleself en meer ontspanne is, of dalk meer bereid is om aan 'n telefoonopname



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

deel te neem. Effens minder nommers was ook beset gedurende die naweek.

Uit die meervoudige CHAID-ontledings blyk dit dat die meeste weierings gedurende die naweek (12 %) by Engelssprekendes voorkom, en wanneer hierdie groep verder onleed word, is dit veral vroue (14,8 %) wat geneig is om te weier (sien bylae B1). Uit vorige ervaring by MPS het dit duidelik geword dat weierings ook gedurende die week veral van Engelstalige vroue verwag kan word. Dit lyk dus asof dieselfde weieringspatroon tydens die naweek en die week voorkom.

## 2.2 Biografiese gegewens van respondente

In tabelle 4 tot 7 word die biografiese gegewens van die respondente wat tydens die naweekopname (opname 6) gerespondeer het, persentasiegewys vergelyk met die biografiese gegewens van respondente tydens 5 vroeëre opnames soos beskryf onder paragraaf 1.3, sowel as die sensussyfers*.

---

Suid-Afrika (Republiek). Sentrale Statistiekdiens. Verslag no 02-80-12 Bevolkingsensus 80. 1980.



071073

TABEL 4: VERGELYKING VAN HUISTAAL

| Opname | Afr. | Eng. | Ander | Afr. en Eng. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 64,6 | 28,0 | 7,4 | | 100,0 |
| 2 | 50,5 | 42,7 | 6,8 | | 100,0 |
| 3 | 53,6 | 41,0 | 4,3 | 1,1 | 100,0 |
| 4 | 58,4 | 37,1 | 0,3 | 4,2 | 100,0 |
| 5 | 55,3 | 41,0 | 2,9 | 0,8 | 100,0 |
| Gem. | 56,5 | 38,0 | 4,3 | 2,0 | |
| 6 | 63,5 | 33,2 | 2,7 | 0,6 | 100,0 |
| Sensus | 51,9 | 36,8 | 5,7 | 5,6 | 100,0 |

Uit vergelyking met vorige opnames blyk dit dat die oorverteenwoordiging van Afrikaanssprekendes nie 'n unieke verskynsel by die naweekopname is nie.

TABEL 5: VERGELYKING VAN GESLAG

| Opname | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1 | 46,6 | 53,4 | 100,0 |
| 2 | 44,4 | 55,6 | 100,0 |
| 3 | 37,4 | 62,6 | 100,0 |
| 4 | 36,2 | 63,8 | 100,0 |
| 5 | 33,6 | 66,4 | 100,0 |
| Gem. | 39,6 | 60,4 | 100,0 |
| 6 | 39,7 | 60,3 | 100,0 |
| Sensus | 51,3 | 48,7 | 100,0 |

Alhoewel vrouens effens oorverteenwoordig is by die ondersoek wat gedurende die naweek gedoen is (opname 6) is dit 'n verskynsel wat deurlopend by al die telefoonopnames voorkom. Daar was dus min verskil in geslagstruktuur tussen respondente wat oor die naweek ondervra is en respondente wat gedurende die week ondervra is.

TABEL 6: VERGELYKING VAN OUDERDOM

| Op-name | 18-34 | 35-44 | 45+ | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 31,0 | 26,6 | 42,4 | 100,0 |
| 2 | 33,3 | 25,8 | 40,9 | 100,0 |
| 3 | 27,2 | 27,2 | 45,6 | 100,0 |
| 4 | 36,1 | 25,9 | 38,0 | 100,0 |
| 5 | 25,8 | 25,7 | 48,5 | 100,0 |
| Gem. | 30,7 | 26,2 | 43,1 | |
| 6 | 32,7 | 23,4 | 43,9 | 100,0 |
| Sen-sus | 42,1 | 19,8 | 38,0 | 99,9 |

Ook wat ouderdom betref, verskil die groep respondente wat gedurende die naweek ondervra is nie noemenswaardig van respondente wat gedurende die week geskakel is nie. Die onderverteenwoordiging van die jonger ouderdomsgroepe is waarskynlik te wyte aan die uitlating van koshuise en weermagskampe uit die steekproef.

TABEL 7: VERGELYKING VAN ONDERWYSPEIL

| Opname | Tot st.8 | St.10 | Na st.10 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | |
| 2 | | | | |
| 3 | 23,8 | 47,8 | 28,4 | 100,0 |
| 4 | 26,6 | 35,5 | 37,9 | 100,0 |
| 5 | 25,5 | 42,6 | 31,9 | 100,0 |
| Gem. | 25,3 | 42,0 | 32,7 | 100,0 |
| 6 | 30,1 | 38,2 | 31,7 | 100,0 |

Vergelykbare bevolkingsensusgegewens was ongelukkig nie beskikbaar vir vergelyking met die onderwyspeil van respondente nie. Wanneer die onderwyspeil van respondente wat gedurende die week ondervra is, vergelyk word met dié van respondente wat gedurende die naweek ondervra is, blyk dit dat daar slegs 'n geringe verskil bestaan.

Wanneer al die voorafgaande syfers in ag geneem word, blyk dit dat die steekproefrealisasie vir die naweek- sowel as die weekopnames redelik verteenwoordigend is van die populasie as geheel, ten spyte van nommers wat nie geskakel is nie, waar geen kontak gemaak is nie, of waar weierings teëgekom is.

2.3 Respondente se houding oor naweekopnames

Om uit te vind wat die publiek se houding is aangaande telefoonopnames oor 'n naweek, is 'n vraag ingesluit aan die einde van die vraelys oor ontbyttelevisie. Die vraag en die response daarop het as volg daar uitgesien:

TABEL 8: ANTWOORD OP DIE VRAAG " GEE U OM DAT EK U OOR 'N NAWEEK SKAKEL?"

| | | Vrydag-aand | Saterdag-oggend | Saterdag-middag | Saterdag-aand | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| JA | N | 162 | 216 | 197 | 218 | 308 |
| | % | 16,7 | 22,3 | 20,3 | 22,5 | 31,8 |
| NEE | N | 809 | 754 | 774 | 752 | 662 |
| | % | 83,3 | 77,7 | 79,7 | 77,5 | 68,2 |
| TOTAAL | | 971 | 970 | 971 | 970 | 970 |

Oor die algemeen blyk dit dus dat die publiek nie daarteen gekant is om oor 'n naweek geskakel te word deur 'n navorsingsinstansie soos die RGN nie. Daar is egter 'n duidelike dalende tendens waarneembaar in respondente se bereidwilligheid van Vrydagaand (83,5 %) tot Sondag (68,2 %). (Alhoewel geen oproepe op Sondag gedoen is nie, is respondente tog gevra hoe hulle sou voel as hulle op Sondag geskakel sou word.)

Uit die meervoudige CHAID-ontledings blyk dit dat van die groep wat wel beswaar daarteen het om oor 'n naweek geskakel te word, Engelssprekende respondente nie lastig geval wil word op

Saterdag-oggend en -middag nie, terwyl meer vroulike respondente aangedui het dat hulle nie graag op Saterdagaand geskakel wil word nie (sien bylae B2).

2.4 Vergelyking van koste

Wanneer die koste per voltooide oproep tydens 'n weekopname vergelyk word met dié van 'n opname wat gedurende 'n naweek plaasvind, is daar twee koste-aspekte wat kan varieer. Aan die een kant is 'n goedkoper telefoontarief in werking vir 'n gedeelte van die naweek, maar aan die ander kant moet telefoneerders oortydtarief betaal word vir hulle dienste gedurende 'n naweek. Uiteindelik kom dit daarop neer dat die die naweekopname heelwat duurder is as 'n weekopname (ongeveer een en 'n half tot twee keer so duur).

3 OPSOMMING

Gedurende die naweek van 5 tot 6 September is 1 865 respondente in 'n landswye telefoonopname deur die Meningspeilingsentrum geskakel met die dubbele doel om inligting vir die SAUK in te samel oor ontbyttelevisie en om ondersoek in te stel na die wenslikheid van telefoonopnames gedurende 'n naweek. Die belangrikste bevindinge is die volgende:

3.1 Behalwe dat daar gedurende die naweek ietwat meer telefone onbeantwoord bly as gedurende die week omdat respondente meer uithuisig is, is daar nie werklik veel verskil tussen teruglewering tydens die week en tydens 'n naweek nie.

3.2 Respondente met wie tydens 'n naweek suksesvolle onderhoude gevoer word, verskil nie veel van respondente wat tydens die week geskakel word wat biografiese eienskappe betref nie. Die onderverteenwoordiging van mans, Engelssprekendes en die jonger

ouderdomsgroepe kom deurlopend voor by alle telefoonopnames, en naweekopnames verskil nie in dié opsig van opnames gedurende die week nie.

3.3 Ook persone wat geneig is om te weier gedurende 'n naweek verskil nie veel van persone wat gedurende die week weier nie. Gedurende beide die week en die naweek is Engelssprekende en vroulike respondente meer geneig om te weier as Afrikaanssprekende en manlike respondente.

3.4 Alhoewel die grootste gedeelte van die blanke Suid-Afrikaanse publiek waarskynlik geen beswaar het om oor 'n naweek telefonies geskakel te word vir inligtinginsameling deur navorsingsinstansies nie, is daar 'n duidelike dalende tendens waarneembaar in hulle bereidwilligheid van Vrydagaand (83,5 %) na Sondag (68,3 %).

3.4 Opnames gedurende die naweek is heelwat duurder as gedurende die week. Die belangrikste bydraende faktor om koste te verhoog, is oortydbetaling aan telefoneerders.

## 4 SLOTOPMERKING

Omdat die realisasie van die steekproef tydens die week en die naweek nie noemenswaardig van mekaar verskil nie, lyk dit asof daar geen rede is waarom 'n telefoonopname nie gedurende die naweek kan plaasvind nie. Dit is egter so dat 'n telefoonopname wat gedurende die naweek plaasvind heelwat duurder is as 'n opname gedurende die week. Dit kan dalk die beslissende faktor wees. Soos omstandighede dit noodsaak, sal MPS dus in die toekoms telefoniese opnames oor naweke kan onderneem, alhoewel die meerderheid opnames steeds gedurende die week sal plaasvind om koste so laag as moontlik te hou.

| | | |
|---|---|---|
| OPROEPERKODE ....... | | 1-2 |
| STREEK ............. | | 3-4 |
| SKAKELKODE ......... | | 5-12 |
| TELEFOONNOMMER ..... | | 13-20 |

| | | Eerste oproep | | Tweede oproep | | Finale oproep | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | DAG (1; 2; 3; 4) | | (21) | | (24) | | (27) |
| | TYD 16h00-17h00 = 1; 17h00-18h00 = 2<br>18h00-19h00 = 3; 19h00-20h00 = 4 | | (22) | | (25) | | (28) |
| | REAKSIE: | | | | | | |
| 1 | Beset | 1 | | 1 | | 1 | |
| 2 | Geen antwoord | 2 | | 2 | | 2 | |
| 3 | Respondent nie tuis nie | 3 | (23) | 3 | (26) | 3 | |
| 4 | Telefoon buite werking | | | | | 4 | |
| 5 | Niemand kwalifiseer nie | | | | | 5 | (29) |
| 6 | Weiering | | | | | 6 | |
| 7 | Vraelys ingevul | | | | | 7 | |

| | | |
|---|---|---|
| HUISTAAL: (Afrikaans = 1; Engels = 2; Albei = 3; Ander = 4) | | (30) |
| GESLAG: (Man =1; Vrou = 2) | | (31) |
| OUDERDOM: (18-34 = 1; 35-44 = 2; 45 + = 3) | | (32) |
| ONDERWYS: (Tot en met st. 8 = 1; St. 10 = 2; St. 10 plus = 3) | | (33) |

SLEGS VIR POSOPNAMES

TITEL:

VOORLETTERS:

VAN:

ADRES 1:

ADRES 2:

ADRES 3:

ADRES 4:

POSKODE:




REKORDNOMMER (34-37)

BYLAE B: CHAID-ONTLEDINGS

BYLAE B1


1 Realisasie volgens biografiese gegewens




2 Gee u om dat ek u skakel op 'n ...

2.1 Vrydagaand? Geen beduidende voorspellers.


2.2 Saterdagoggend?



2.3 Saterdagmiddag?



2.4 Saterdagaand ?




2.5 Sondag ?

Geen beduidende voorspellers .

## RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere Instituut van die RGN kan van die Hoof: Tegniese Dienste verkry word.

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
# HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL


| | | |
|---|---|---|
| President | Dr. J.G. Garbers | President |
| Adjunk-presidente | Dr. H.C. Marais, Dr. J.D. Venter | Deputy Presidents |
| Vise-presidente | Dr. K.F. Mauer, Prof. D.J. Stoker | Vice-Presidents |
| Uitvoerende Direkteur: Administrasie | J.G.G. Gräbe | Executive Director: Administration |
| Skakelhoof | Dr. M.J. Bekker | Chief PRO |


### Funksies van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder, ondersteun en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, bepaal navorsingsprioriteite, versprei die resultate van geesteswetenskaplike navorsing, vergemaklik en evalueer die implementering van die resultate van navorsing, stimuleer die opleiding van navorsers, stel die volle spektrum van dissiplines in die geesteswetenskappe ten diens van die inwoners van die RSA en bevorder die wetenskap in die breë.

### Institute

Instituut vir Geskiedenisnavorsing (IGN)

Instituut vir Kommunikasienavorsing (IKOMM)

Instituut vir Mannekragnavorsing (IMAN)

Instituut vir Navorsingsontwikkeling (INO)

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (ION)

Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN)

Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN)

Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM)

Instituut vir Statistiese Navorsing (ISN)

Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing (INTAK)

Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND)

Administrasie

### Hoofkantoor

Privaatsak X41, Pretoria 0001
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Teleks 3-20893 SA

### NIPN

Posbus 32410, Braamfontein 2017
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme NAVORSPERS
Tel. (011) 339-4451
Teleks 4-25459 SA

### Streekkantore

Wes-Kaap, Privaatsak X5, Roggebaai 8012
Tel. (021) 419-2572/3/4/5 Teleks 5-22260 SA

Natal, Posbus 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926 Teleks 6-28567 SA

NIPN Natal, Posbus 17001, Congella 4013
Tel. (031) 815851 Teleks 6-22431 SA

NIPN Oos-Kaap, Posbus 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131 Teleks 2-43203 SA

### Functions of the HSRC

The HSRC undertakes, promotes, supports and co-ordinates research in the field of the human sciences. It also determines research priorities, disseminates the findings of human sciences research, facilitates and evaluates the implementation of research findings, stimulates the training of researchers, places the full spectrum of human sciences disciplines at the service of the inhabitants of the RSA and promotes science in general.

### Institutes

Institute for Communication Research (ICOMM)

Institute for Educational Research (IER)

Institute for Historical Research (IHR)

Institute for Manpower Research (IMAN)

National Institute for Personnel Research (NIPR)

Institute for Psychological and Edumetric Research (IPER)

Institute for Research Development (IRD)

Institute for Research into Language and the Arts (IRLA)

Institute for Sociological and Demographic Research (ISODEM)

Institute for Statistical Research (ISR)

Bureau for Research Support Services (BRSS)

Administration

### Head office

Private Bag X41, Pretoria 0001
Republic of South Africa
Telegrams RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Telex 3-20893 SA

### NIPR

P.O. Box 32410, Braamfontein 2017
Republic of South Africa
Telegrams NAVORSPERS
Tel. (011) 339-4451
Telex 4-25459 SA

### Regional offices

Western Cape, Private Bag X5, Roggebaai 8012
Tel. (021) 419-2572/3/4/5 Telex 5-22260 SA

Natal, P.O. Box 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926 Telex 6-28567 SA

NIPR Natal, P.O. Box 17001, Congella 4013
Tel. (031) 815851 Telex 6-22431 SA

NIPR Eastern Cape, P.O. Box 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131 Telex 2-43203 SA

ISBN 0 7969 0425 1

39*01/87